**GOD HET DIE WÊRELD SO LIEF GEHAD...**

**Matteus 1: 19-24 en Matteus 2: 12-13, 19-21, 22-24.**

**Inleiding:**

***1.***

---

Gemeente, broers en susters.

Dink ons mooi aan die verhaal van Jesus se geboorte kom ons gou agter dat die verhaal **geheel en al anders kon eindig**.

Jesus word immers gebore tot ŉ wrede, ongenaakbare wêreld.

- **Keiser Augustus** heers oor die ganse Romeinse ryk. Met geweld en die swaard bewaar hy ŉ wankelrige vrede.
- In Israel heers **Herodes** namens Augustus. Waar Augustus nog soort van die vrede wou behou, is Augustus geheel en al ŉ despoot, ŉ diktator.
    - ❖ Geskiedenis vertel ons dat hy verskeie van sy vroue vermoor het omdat hy vermoed het dat hulle ontrou is.
    - ❖ Later vermoor hy ook van sy seuns sodat hy langer aan bewind kon bly.
    - ❖ Asof dit nie genoeg is nie, leer ons dat hy later selfs sy skoonma om die lewe bring omdat hy haar verdink van ŉ komplot teen hom.
    - ❖ Vir 44 jaar is die diktator aan die bewind. Vir 44 jaar lewe Juda en Samaria in absolute vrees.

Jesus word dus tot ŉ baie gevaarlike politieke landskap gebore. Die magtiges van daardie tyd wil ten alle kostes hal magsbasis beskerm – selfs kinders vermoor. Een misstap en Jesus kon sy lewe kwyt wees nog voordat hy ŉ tree met sy eie twee voete kon gee.

***2.***

---

Gemeente, lees ons Matteus 1 en 2, kom ons egter tot die wonderbaarlike besef dat God deurgaans Jesus se koms na die wêreld op ŉ **baie fyn manier bestuur**. God

stuur nie net Jesus na Maria en Josef waarna Hy terugstaan en hulle maar aan hulle eie middele oorlos nie. Nee, gemeente. God is deurgaans **naby, betrokke en Hy begelei** vir Josef en Maria sodat Sy wil vir die volk en die ganse wêreld volbring kan word.

- Hoe doen God dit gemeente?
- Hoe bestuur Hy die gebeure rondom Jesus se geboorte?
- Hoe lei Hy Josef en Maria met die pasgebore babatjie deur die gevaarlike politieke en sosiale waters?

Op ŉ onverwagse manier broers en susters. Tog is dit nie vreemd indien jy die Ou Testament in gedagte hou nie. God het Abraham, Isak, Josef en Moses netso bewaar en begelei.

**God gebruik drome.**

- Deur drome betree hy hul wêreld.
- Deur drome waarsku God die jong paartjie van gevare.
- Deur drome gee God die paartjie opdragte.
- Deur drome vertel God vir Josef en Maria waar om te gaan om gevaar te ontwyk.

God gebruik selfs drome om die **sterrekykers** te lei om sodoende die Christus te beskerm.

Vir vandag se diens wil ek die 5 teksgedeeltes lees wat ons vertel van *die* drome en hoe God deur die einste drome Christus se koms na die wêreld gebaan het. Hoe God Christus bewaar het van ŉ ongenaakbare wêreld sodat Sy wil sigbaar kon word - Sy droom van verlossing, vergifnis en redding vir die wêreld.

Ons lees Matteus 1 vers 19-24. Daarna lees ons uit hoofstuk twee van Matteus vers 12 en 13, 19-21 asook vers 22-24.

**Skriflesing:**

Matteus 1: 19-24 en Matteus 2: 12-13, 19-21, 22-24.

**Respons:** (sittend)

Lied 355: 1 & 2

**Preek:**

***3.***

---

- Kyk ons na die ***eerste droom*** waarvan ons in Matteus 1 lees sien ons baie duidelik dat Josef beplan het om Maria te los en die verlowing met haar te verbreek. Doen hy dit verdoem hy haar en die ongebore Jesus tot ŉ lewe van skande en swaarkry. Doen hy dit sou die Kersverhaal geheel en al anders verloop en geëindig het. Nog voordat hy die besluit egter kon uitvoer betree God Josef se wêreld deur ŉ droom. Hierin kry hy die boodskap*: Moenie Maria los nie. Sy was nie ontrou nie. Die kind is deur die Gees in haar verwek deur die Gees. Noem die kind Jesus.* Daarna word Josef wakker en plaasvan om haar te skei is hy gehoorsaam aan God. Hy trou dan met die swanger Maria.
- ***Tweedens*** het ons gelees van die wyse manne. Herodes, om sy mag en koningskap te beskerm, beoog om Jesus te vermoor. Wat sou dit saakmaak indien daar nog een onskuldige se bloed op sy hande is? Om die plan uit te voer betrek hy die sterrekykers onder die voorwendsel dat hy ook ere aan die Christus wil betoon. Hulle moet die Christus opspoor waarna hulle na Herodes moet teruggaan om hom te vertel waar die kind is. Nadat hulle Jesus in Bethlehem vind en hul ere aan Hom betoon kom God egter na hulle in ŉ droom. Hy waarsku hulle dat Herodes Jesus bedreig en daarom gaan hulle met ŉ ander pad na hulle land toe.
- In die ***derde droom*** waarvan ons gelees het hoor Josef dat hy Maria en die kindjie moet neem en na Egipte toe moet vlug. Hy moet die gevaarlike pad na Egipte toe aanpak met ŉ vrou wat sopas geboorte geskenk het en ŉ

pasgebore kind. Hoekom? Want Herodes soek die kind en hy wil hom om die lewe bring. Met die leiding van die Here neem hy dan sy vrou en Jesus en vlug na Egipte in die middel van die nag. Die gebeure wat hierop volg is alombekend. Herodes kom tot die besef dat Jesus sy net ontglip het. Daarom laat hy elke seuntjie onder die ouderdom van twee in Bethlehem vermoor met die hoop dat Jesus in die proses vermoor sal word..

- Tydens die ***vierde droom*** is Josef en sy gesinnetjie nog in Egipte. Weereens kom die Here in ʼn droom na Josef. God vertel vir Josef dat die gevaar oor is. Herodes is dood. Die mense wie Christus wou vermoor is nie meer daar nie. Hy moet terug gaan Israel toe. Na die droom neem Josef sy gesin en hulle gaan dadelik terug na die land van hulle voorvaders.
- Kom Josef en sy gesin terug in Israel hoor hy dat Herodes se seun Argelaos heers. Met die hoor hiervan het hy baie bang geword. Ons kan indink dat hy op die oomblik nie geweet het waarheen om te gaan nie. Al die pad Egipte toe en terug en steeds is daar gevaar. Weereens kom die Here in ʼn droom na Josef. ***Die vyfde droom.*** God gee hom aanwysings na Galilea toe. Hulle moet na die gebied vlug want daar sal die kind vir tyd en wyl veilig wees. Kom hulle daar gaan woon hulle in ʼn dorpie met die naam Nasaret.

***4.***

---

Hoe aangrypend is dit nie?

Jesus word gebore tot ʼn wêreld vol geweld en oorlog. Om elke hoek en draai is daar gevaar. **Keiser Augustus** wat met sy politiekery ʼn gesinnetjie soos Josef sin kon insluk en verwoes. Aan die ander kant vind ons **Herodes** en sy beheptheid met mag en sy heerskappy wat alles in die spervuur sal werp solank hy net aan die bewind kon bly – hy is selfs bereid om ʼn kindermoord aan te kondig om sodoende Christus uit die weg te vee.

- Een misstap, een fout, en glips en Jesus kon as kind sterf.
- Die Kersverhaal kon hier in Bethlehem eindig?
- In plaasvan om te lees van ʼn vreugdevolle verhaal sou dit ʼn tragedie wees.
- Hoe maklik gemeente, of ons lewens het geheel en al anders gelyk.

- Nie net ons lewens nie, maar ook die ganse wêreld.

| God laat dit egter nie toe om te gebeur nie? |
|---|

- God is reeds voor Jesus se geboorte teenwoordig en besig om met Josef te werk en hom op die regte pad te begelei.
- Na Christus se geboorte is God steeds daar en aan die hand van die drome bestuur God Jesus se koms na die wêreld.
- Hy lei die sterrekykers weg van Herodes.
- Hy lei Josef en sy gesin al die pad Egipte toe en terug.
- Deur drome lei God vir Jesus se gesin weg van gevaar.
- Deur drome bestuur God die gebeure rondom Jesus se geboorte sodat sy wil vir die aarde sigbaar kan word.

***5.***

---

Kyk ons na die vyf drome en hoe God Josef en Maria se lewe betree leer ons vandag weer iets opnuut van die Here

- Hierdie 5 drome leer ons iets van ***hoe*** God in die wêreld besig is.
- Kyk ons na die teksgedeeltes sien ons op ŉ aangrypende manier ***hoe*** God handel in die wêreld.
- Ons sien iets van Sy werkswyse, sy metodiek.

Wat leer ons? Wat is die boodskap van die 5 teksgedeelte?

God skep nie die heelal waarna Hy terug staan nie? Hy wek nie die mens uit stof om hom aan sy eie middele oor te laat nie? Weet u? Baie mense beskou God op die wyse. Hulle sal erken dat hy bestaan, tog het hy die aarde en die mensdom verlaat, selfs in die steek gelaat.

Kyk ons egter na die kersverhaal en die vyf drome besef ons weer opnuut dat God naby is. Hy sien en hy hoor die mens se noodkreet. Hy ignoreer dit nie, maar betree die mens se lewe op ŉ baie fyn, intieme wyse. Elke tree van hulle pelgrimstog is hy met hulle, voor hulle, agter hulle.

Hoe kan ek dit verduidelik?

Sommige dink dat God soos ’n **afwesige pa** is.  Hy is daar, hy bestaan, hy gee egter nie om oor my nie.

Kyk ons na die kersverhaal en hoe God aan die hand van drome Josef en Maria se lewe betree besef ons dat God soos ’n **liefdevolle teenwoordige pa** is.  Hy ken ons pyn, hartseer, hy hoor ons noodkreet, hy sien ons angs.  Hy neem ons aan die hand en lei ons deur die sondige, gevalle wêreld.  En wanneer ons struikel en val tel hy ons op.  Kan ons nie meer met ons eie twee voete loop nie, dra Hy ons totdat ons weer kan staan.

Dit is God se natuur, sy aard!  Dit is die wyse waarop God in die wêreld besig is.  God is nie verweg nie.  Nee, Hy is naby en hy bestuur die geskiedenis, die wêreldgebeure op ’n baie fyn manier.

***6.***

---

God doen dit nie net tydens die geboorte van Christus nie.

Regdeur die eeue, van die begin van tyd, is God naby en intiem besig met die mens.  Deurgaans neem hy die mens, sy kinders, aan die hand en lei hy hulle deur ’n woeste, wrede wêreld.

- Dink net aan **Abraham**.  God skenk hom ’n ram om in die plek van sy seun te offer.  So kan die volk onstaan en groei.
- Dink net aan **Moses**.  God red hom van die faro, God verskyn aan hom in ’n brandende bos.  Later gee God hom die instrumente waarmee hy die vol uit slawerny kan lei.
- Dink net aan die **volk se trek** deur die woestyn na die beloofde land.  In die nag is daar ’n vuurkolom, deur die dag ’n wolk wat hulle lei.  Kwartels en manna word aan hulle gegee sodat hulle kan leef.
- Later skenk God aan hulle ’n **beloofde land**.
- Hy skenk aan hulle **sterk konnings**.
- Hy gee hulle **profete**.

Regdeur die **<u>Ou Testament</u>** sien ons hoe naby die Here aan sy mense is. Ons sien dat hy deur die eeue op presies die selfde manier besig is met die mens. Hy is ŉ pa wat besorgd is oor sy kinder. Hy sien, en hoor. Hy lei en bestuur hulle handel en wandel in die lewe.

***6.***

---

God se nabyheid, sy ingrepe in die wêreld, kom natuurlik tot ŉ **<u>hoogtepunt in Jesus se geboorte.</u>**

Weereens sien God die mens se nood raak? En soos deur al die eeue betree Hy mens se lewe? Hy sien dat ons verdoem is tot ŉ sondige bestaan, wat eindig in die dood.

En omdat Hy lief is vir ons skenk Hy sy eie Seun aan ons onverdiend. Hy skenk Sy Seun aan om ons sonde te dra, en namens jou en my te sterf.

Verdien ons dit? Nee, netsoos Abraham, Moses, David, die volk van Israel god se liefde en nabyheid nie verdien het, so verdien ons dit ook nie. Tog is God naby, Hy voorsien.

Waarom? Want hy is lief vir jou en my. Hy is lief vir die skepping.

***7.***

---

Ek gaan probeer saamvat gemeente.

- Omdat die Here lief is vir die mens en sy skepping is hy van die begin af **<u>teenwoordige en naby</u>**. Nie vir een oomblik draai hy sy gesig op sy skepping nie, nee, God sien en hoor alles.
- Omdat hy lief is vir die skepping, die mens, mense soos en jy, **<u>steek hy sy hand na elkeen van ons uit</u>**. Hy help, begeester, versterk, vertroos, gee hoop.
- Omdat hy lief is vir die skepping, die mens, **<u>begelei</u>** hy ons deur die sondige wêreld.
- Omdat hy lief is vir jou en my **<u>loop hy langs ons, voor ons en agter ons</u>**.

Dit doen hy tydens **Jesus se geboorte** – deur drome bestuur hy sy heilsplan vir die wêreld.

Dit het God gedoen deur al die eeue heen, ons sien dit so duidelik wanneer ons na die **Ou Testament** kyk,

Hy doen dit **vandag, in jou en my lewens** – Jesus word as offerlam in ons plek geskenk.

Hy doen **dit vandag in jou en my lewe** deur die Gees.

God doen **dit in die toekoms**, wanneer Jesus finaal terugkeer.

***8.***

---

Verander hierdie wete ons lewens?

Ja gemeente**. Ek en jy is nie uitgelewer aan die wêreld nie**. Netsoos Josef, Maria, en die baba Jesus nie uitgelewer was aan Augustus en Herodes nie, so is ons nie uitgelewer aan ekonomiese stelsels en die politiek nie. Ons sien miskien geweld, hopeloosheid, sonde en die bose om ons elke dag. Ons is egter nie daaraan uitgelewer nie. God is met ons en hy bestuur ons roete deur die gevaarlike waters. Hy besig met jou en my op 'n intieme manier –Hy voorsien.

- Die wete laat ons vandag en elke dag **juig van blydskap**.
- Die boodskap **dryf die vrees en angs weg**.
- Die boodskap **vertroos en gee hoop in die lewe**.

Dit verander ons lewe egter op nog 'n manier en hiermee sluit ek af.

Ons sien nou dat God naby aan elkeen van ons is. Hy lei en begelei, hy bestuur en beplan – hy neem ons aan die hand.

- Hoekom dan, lewe ek en jy so **ver van mekaar af**?
- Hoekom **ken ons nie mekaar se verhaal nie**?
- Hoekom **gee ons nie oor mekaar om nie**?

Nee, gemeente, neem ons die boodskap ernstig kom ons tot die besef dat ons soos God mekaar aan die hand moet neem en saam die lewe inloop.  Neem ons die boodskap ernstig op besef ons dat ons mekaar moet ophelp, selfs dra, wanneer ons naaste nie meer kan nie.

Ons moet dit doen omdat God ons deur Jesus Christus ophelp en die toekoms indra.  Amen.